
# NOGMAALS SESOETO-MUSIEK

DEUR

B. C.



IN BASOETOLAND. (Foto S.A.S.)

NADAT ek die vorige artikel oor bogenoemde onderwerp geskryf het, waarin ek verklaar het dat ek net van die *Murupa, Setantolo, Lesiba* en *Lekupe* as Basoeto-instrumente weet, het ek van nog 'n musiekinstrument gehoor, naamlik die *thômoe*.

*Thômoe* is die naam vir alle musiek-instrumente, vanaf 'n viool tot 'n kerk-orrel. Die Kaffer besig die naam vir enige musiek-instrument waarvan hy die naam nie ken nie, dus alle vreemde instrumente. Maar ek het tot my verbasing uitgevind dat daar 'n egte nasionale Basoeto-instrument is met die naam *thômoe*.

Dit skyn asof dit een van hul oudste instrumente is, want daar is baie min, selfs van die ouer Basoeto's wat bekend is met die *thômoe*. Ek het na baie moeite 'n ou Basoeto raakgeloop wat my gewys het hoe die instrument gemaak en bespeel word.

Soos al die ander is dit ook 'n eensnarige instrument en bestaan uit 'n boog en 'n snaar van seninggaring.

Die boog word aan 'n kalbasdop vasgemaak, en as die instrument bespeel word, word die musikant se bors kaal gemaak. Deur die oop kant van die kalbas op sy bors te druk, word die klank gedemp. Sodoende word daar 'n eienaardige soort musiek voortgebring.

Die ou jong was egter nie 'n baas-musikant nie, dus kan ek nie veel van die ding sê nie, maar as daar op al die ander instrumente wat ook maar een snaar het so 'n variasie van klanke en tone voortgebring kan word, is die moontlikhede van die *thômoe* onbeperk. Die *thômoe* skyn 'n soort samestelling van die *murupa* en die *setantolo* te wees.

Een ou jong het my egter gesê dat die *setantolo* uit die *thômoe* gebore en 'n baie jonger instrument is en dateer vanaf die koms van koperdraad saam met die blanke handelaars. 'n Ander het my daarenteen weer vertel dat die *setantolo* vroeër van seninggaring-snare voorsien was. Ek is egter nie 'n deskundige nie; ek noem maar net gegewens wat ek met moeite oor 'n lang tydperk ingesamel het.

Een van die moeilikste dinge om gegewens oor in te samel, is die geneeskunde by die Basoeto's. Ek het al 'n klompie gegewens en sal een van die dae iets daaroor vertel, maar ek haal dit net aan om tot die punt te kom.

Kalmoes is een van die grootste geneesmiddels van die Basoeto's, en tereg ook. Die kalmoes groei op nat, skaduryke plekke en vorm 'n lang, hol stingel.

Van die stingel maak die Basoeto's 'n tydelike musiek-instrument, die *lekolilo*. Ek sê tydelike, want die ding verlep gou en is dan nutteloos.

Die stingel word op 'n lengte van sowat vyftien duim spits afgesny en dan word die een ent in die mond gesteek en die tong daaroor gebuig. Deur te blaas-fluit daaroor word 'n geluid veroorsaak byna soos dié van 'n beul. Die ding speel nogal mooi, maar vereis kuns. Ek laat dit aan die leser oor of hy dit 'n musiek-instrument of wat ook al wil noem.

Die rede waarom die Kaffers nie 'n *lekolilo* van riet maak nie, is omdat daar nie riete is wat dik genoeg is en tegelykertyd 'n egalige holte van die vereiste lengte het nie. Alle inheemse rietsoorte se litte is betreklik kort, en die enigste soort wat lang litte het, die fluitjiesriet, is weer te dun.

Die gebruik van die musiek-instrumente wat ek genoem het, is egter al uitgetserf of byna so. Baie min van die jonger geslag van Basoeto's weet iets daarvan, behalwe natuurlik diegene wat nog min met die beskawing in aanraking gekom het.

Maar die uitsterf van die ou musiekinstrumente het die Basoeto nie sonder musiek gelaat nie. Die goedkoop konsertinas en mondfluitjies het hulle meestal vervang, en dit het die Basoeto glad nie meer musikaal gemaak nie. Daar is hoofmanne in Basoetoland wat die verkoop van konsertinas en mondfluitjies in hul gebied belet omdat die eentonige deuntjies op die instrumente te vervelend is en, volgens hulle, afbrekend in plaas van opbouend werk.

Een hoofman het aan my gesê dat as 'n jong Kaffer 'n konsertina of fluitjie het, hy 'n middel besit om die jonger Kaffertjies en meidjies van hul huise te lok en met dans en sing tot baie laat in die nag buite te hou; en daar spruit baie kwaad en onheil uit voort.

Die trompie of „Jewish Harp" — of soos die Basoeto's sê *skebekoe* — is egter 'n baie populêre instrument by die meidjies, en die blikviool neem by die dag toe onder die beeswagtertjies. In sekere dele het die blikviool al heeltemal die plek van die „Lesiba" ingeneem, en daar is al baas-blikviool-spelers onder die beeswagters.

Die blikviool word gemaak van 'n stuk hout omtrent anderhalf duim in deursny en drie voet lank. Aan die een ent word 'n gat van omtrent 'n halfduim in deursny uitgebrand en daar kom 'n harde stuk hout deur. Die draadsnaar kom hieraan vas, en aan die ander ent is 'n skerp puntjie in die lang hout gesny. Deur die pen deur die gat te draai en dieper in te slaan, word die snaar stywer of slapper gemaak en die toon dus hoër of laer gestem.

Oor die hele lengte van die hout word 'n V-vormige groef gesny, reg onder die snaar langs — waarom weet hulle self nie — en dan word die skerp gesnyde ent in 'n ou lampolie-blik van een gelling gesteek om die klank sterker te maak.

Dwarsoor die lang hout word 'n paar kepe gesny, en hierin smeer hulle die melk van vingerpol, wat taai word en dus dien om die strykstok mee te smeer, soos 'n vioolspeler sy strykstok met harpuis bestryk.

Die strykstok word gemaak van 'n stukkie hout van omtrent ses duim lank, aan altwee ente vir omtrent 'n half duim oopgespits. Dan neem hulle perdesterthare van omtrent nege duim lank. Dit word stewig aan altwee ente geknoop en deur die splete getrek. Dan steek die speler twee vingers tussen die houtjie en die perdestert deur en vorm dus 'n driehoek, een sy waarvan hout is, die ander perdestert en die derde sy twee vingers — en die hele musiek-instrument is gereed.

Die snaar is meestal 'n stuk ogiesdraad wat reguit getrek is en waarvan die galvanisering met 'n klip afgeskuur is.

Menige Kaffertjie beland in die moeilikheid omdat hy sonder enige respek vir die baas van 'n klompie hoenders 'n stuk ogiesdraad losvleg om 'n snaar vir sy blikviool te verkry.

Die blikviool word nou *thômoe* genoem en die vingerpol-melk is „sehlehle," en glo my hulle tower wonderlike musiek uit die affêre.

Die snaar word nie op verskillende plekke vasgedruk vir verskillende note nie — die note word na willekeur gekies eenvoudig deur die strykstok stywer of slapper te hou en deur die trillings van die snaar met die duim van die linkerhand te demp.

Daar is bepaald 'n kuns in die speel van die blikviool, en dit sal seker nog 'n vername plek in die musieklewe van die Basoeto's beklee.

Die Basoeto's leer baie gou 'n wysie, en veral naamlik lawaaierige, lawwe grammofoonplate vind groot byval by hulle. As hulle 'n grammofoonplaat twee of drie maal gehoor het, sing hulle dit gewoonlik na. Hulle sing dit met volmaakte stembuiging en is taamlik wysie-vas, maar die woorde kom baie verdraaid te voorskyn, met die gevolg dat die effek soms baie humoristies is.

'n Meidjie van omtrent tien jaar oud, werksaam by my moeder in die huis, het 'n grammofoonplaat gehoor waarin o.m. die volgende woorde voorkom:

> „Kêrels, julle moet stadig draai.
> Die boer se wa is swaar gelaai."

Op 'n dag het sy baie lus gehad om te sing en val uit volle bors en met 'n uiters sedige gesig weg:

> „Kêrels, jelle moete statig draai
> Die boere se maage isse swaar galaai."

Die erns op haar gesig het getoon dat sy glad nie die minste besef het van wat die woorde beteken nie; sy het dit so gehoor en so verstaan, en sy sing dit so.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012